Ken jy dié VADER en SY aangesig?

G. J. du Preez 072 1876 076

Ken jy dié VADER

Baie sal dadelik sê: 'Ja ek ken die VADER'. Kom ons kyk of jy werklik die VADER ken. Ek haal eerstens Henog aan wat vertaal was deur R. H. Charles en hersien was deur William B. Brown. Met elke vers plasing sal ek 'n verklaring onder die vers gee en 'n slotsom aan die onderkant van die traktaat.

Henog se eerste boek aanhalings:

1:8. But with the righteous He will make peace.
And will protect the elect, And mercy shall be upon them. And they shall all belong to ~~God~~, Father and they shall be prospered, and they shall all be blessed. And He will help them all, and light shall appear unto them, and He will make peace with them' (Lig sal aan hulle verskyn).
38:4. From that time those that possess the earth shall no longer be powerful and exalted: And they shall not be able to behold the face of the holy, For the ~~Lord~~ CREATOR of Spirits has caused His light to appear On the face of the holy, righteous, and elect (Lig sal aan hulle verskyn).
58:3. and the righteous shall be in the light of the sun. And the elect in the light of eternal life: …. (Hulle sal in die Lig van die Ewige Lewe wees)
71:2. And I saw two streams of fire, and the light of that fire shone like hyacinth, and I fell on my face before the Lord of Spirits (Lig van die vuur).
91:4. … And He will give him power …with goodness and righteousness. And he shall walk in eternal light (Hy sal wandel in ewige Lig Gen.15:17)

Henog se tweede boek aanhaling in Engels:

~~God~~ CREATOR relates to Enoch, how out of the very deepest parts came forth the visible and invisible
25: 1. I commanded in the very lowest parts, that visible things should come down from invisible, and Adoil came down very great, and I beheld him, and lo! He had a belly of great light. 2. And I said to him: Become undone, Adoil, and let the visible come out of you. 3. And he came undone, and a great light came out. And I was in the midst of the great light, and as there is born light from light, there came forth a great age, and showed all creation, which I had thought to create. 4. And I saw that it was good. 5. And I placed for myself a throne, and took my seat on it, and said to the light: Go thence up higher and fix yourself high above the throne, and be a foundation to the highest things. 6. And above the light there is nothing else, and then I bent up and looked up from my throne (LIG was in Adoil en het na vore gekom, en LIG het na Skepper gekom sodat Lig uit LIG gebore kon word. Skepper was met LIG omring. LIG het die hoogste troon geneem en niks was bokant LIG nie. "LIG" is dié VADER wat SY Seun belig het).

Ek haal weer aan: Voordat die sigbare gemaak was, het LIG verskyn, maar Hy was omring deur daardie LIG; Hy was onsigbaar, maar tog het LIG geskyn. Lig het gemanifesteer in Hom wat die hele skepping dra. Vandaar kon Hy voortgaan met Sy skeppings-doel. Hy wat lig wou skep op aarde, was met LIG omhul, en deurdat lig uit LIG gebore word, het 'n groot tydperk verskyn. In daardie tydperk het die hele skepping homself vertoon wat Hy beplan het.

Kom ons kyk wat die Skrif vir ons deurgee:
Gen. 1:1 In die begin het ~~God~~ Skepper die hemel en die aarde geskape. :2 En die aarde was woes en leeg, (KJ. And the earth was without form, and void; and darkness *was* upon the face of the deep) *en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van ~~God~~ Skepper het gesweef op die waters. :3 En ~~God~~ Skepper het gesê: Laat daar **Lig** wees!* (And he said: FATHER may it be light and it came to pass light) *En daar was **Lig**. :4 Toe sien ~~God~~ Skepper dat die **Lig** goed was. En ~~God~~ Skepper het skeiding gemaak tussen die **Lig** en die duisternis; :5 en ~~God~~ Skepper het die **lig** dag genoem, en die duisternis het Hy nag genoem* (And he called FATHER in light of a day And ……) *En dit was aand en dit was môre, die eerste dag.*

*Joh. 1:1-9 In die begin was die Woord, en die Woord was by ~~God~~ VADER, en die Woord was ~~God~~ VADER. :2 Hy was in die begin by ~~God~~ VADER. :3 Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. :4 **In Hom** was lewe, en die lewe was die lig van die mense. :5 En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie. :6 Daar was 'n man van ~~God~~ VADER gestuur, wie se naam Johannes was. :7 Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom sou glo. :8 Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig. :9 Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld.*

*1Joh. 1:5 En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: ~~God~~ VADER is **lig**, en geen duisternis is in Hom nie. 1Jo 1:7 Maar as ons in die **lig** wandel soos Hy in die **lig** is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van ~~J*sus Christus~~ YAHUSHA Nasaréner, SY Seun, reinig ons van alle ~~sonde~~ oortredinge.*

*1Joh. 2:8 En tog skryf ek aan julle 'n nuwe gebod wat waar is in Hom en in julle, want die duisternis gaan verby en die waaragtige **lig** skyn alreeds. 1Joh. 2:9 Hy wat sê dat hy in die **lig** is en sy broeder haat, is in die duisternis tot nou toe. 1Joh. 2:10 Wie sy broeder liefhet, bly in die **lig**, en in hom is geen oorsaak van struikeling nie*

*Open. 21:11 en dit het die ~~heerlikheid~~ lofwaardigheid van ~~God~~ VADER gehad, en SY **lig** was soos 'n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen.*
*Hand. 7:55 Maar hy was vol van die ~~Heilige~~ Reine Gees en het die oë na die hemel gehou en die ~~heerlikheid~~ lofwaardigheid van ~~God~~ VADER gesien en ~~J*sus~~ YAHUSHA wat staan aan die regterhand van ~~God~~ VADER.*

Ex. 33:18-23 Daarop vra hy: Laat my tog U ~~heerlikheid~~ lofwaardigheid sien.:19 Maar Hy antwoord: Ek sal al My majesteit by jou laat verbygaan en voor jou die Naam van die ~~HERE~~ VADER uitroep; maar Ek sal ~~genadig~~ goedgunstig wees vir wie Ek ~~genadig~~ goedgunstig wil wees, en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm. :20 Verder het Hy gesê: Jy kan My aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie. :21 Ook het ~~die HERE~~ YAH gesê: Kyk, hier is 'n plek by My waar jy op die rots kan gaan staan. :22 En as My ~~heerlikheid~~ lofwaardigheid verbygaan, sal Ek jou in die skeur van die rots stel en jou met My hand oordek totdat Ek verby-gegaan het. :23 En as Ek My hand wegneem, sal jy My van agter sien; maar My aangesig kan nie gesien word nie.

1Kon. 19:9-13 En hy het daar in 'n spelonk gegaan en die nag daar oorgebly. En kyk, die woord van die ~~HERE~~ VADER het tot hom gekom en vir hom gesê: Wat maak jy hier, Elía? :10 En hy antwoord: Ek het baie geywer vir die ~~HERE~~ VADER, die ~~God~~ Skepper van die leërskare; want die kinders van ~~Israel~~ Yashar'EL het U verbond verlaat, U altare afgebreek en U profete met die swaard gedood, sodat ek alleen oorgebly het, en hulle soek my lewe om dit weg te neem. :11 En Hy sê: Gaan uit en staan op die berg voor die aangesig van die ~~HERE~~ VADER. En kyk, die ~~HERE~~ VADER het verby-gegaan, terwyl 'n groot en sterk wind die berge skeur en die rotse verbreek voor die ~~HERE~~ VADER uit; in die wind was die ~~HERE~~ VADER nie. En ná die wind 'n aardbewing; in die aardbewing was die ~~HERE~~ VADER nie. :12 En ná die aardbewing 'n vuur; in die vuur was die ~~HERE~~ VADER nie. En ná die vuur die gesuis van 'n sagte koelte. :13 En toe Elía dit hoor, het hy sy gelaat met sy mantel toegedraai en uitgegaan en by die ingang van die spelonk gaan staan. En daar kom 'n stem na hom wat sê: Wat maak jy hier, Elía?

Met die gelese plasing tot dusver kom ons agter wie, waar en hoe 'VADER' uitgelig word. Henog het klem gelê dat VADER "LIG" is wat vergelyk kan word met vuur. Johannes sluit by Henog aan dat VADER lig is en so ook dat daardie 'LIG' eerste voor enige bestaan was. Moses soos Elía het 'n eerstehandse ondervinding gehad met daardie "LIG" (Gen.15:17).

Noudat ons begin besef dat VADER LIG is kan ons begin verstaan wat in Gen. 1:1-5 bo staan, so ook YAHUSHA in Matt. 27:46 nl.: My VADER, My VADER, waarom het U My verlaat? Ons kan dit interpreteer as "My LIG, My LIG" waarom het U My verlaat!

Nou die karakter eienskappe van VADER kan ons in ons eenvoud noem in dit wat ons lees nl.:

VADER is 'LIG'
VADER is 'n fisies WESE (Aanskou HOM en dood tree in)
VADER praat
VADER luister
VADER neem aan en verlaat
VADER skep

VADER is "VUUR / LIG"; Die wese wat HOM kan aanskou word geprikkel in lafenis en verblyding *(met versugting*). Deur 'LIG' skenk dit openbaring en duidelikheid (*lig het in my opgegaan*).

Gen. 1:1 In die begin het ~~God~~ Skepper die hemel en die aarde geskape. :2 En die aarde was woes en leeg, (KJ. And the earth was without form, and void; and darkness *was* upon the face of the deep) *en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van ~~God~~ Skepper het gesweef op die waters. :3 En ~~God~~ Skepper het gesê: Laat daar **Lig** wees!* (And he said: FATHER may it be light and it came to pass light) *En daar was **Lig**. :4 Toe sien ~~God~~ Skepper dat die **Lig** goed was. En ~~God~~ Skepper het skeiding gemaak tussen die **Lig** en die duisternis; :5 en ~~God~~ Skepper het die **lig** dag genoem, en die duisternis het Hy nag genoem* (And he called FATHER in light of a day And ……) *En dit was aand en dit was môre, die eerste dag*. M.a.w. in Gen.1 vra YAH (*VADER se Seun*) dat VADER se LIG moet skyn. Dat VADER in YAH se wese moet wees sodat wat YAH ook al besluit om te skep en skape dit VADER se goedkeuring sal wegdra. Ek wil amper sê dat VADER sal skep en skape deur SY Seun YAH.

In Matt. 5:15. Staan: ….. 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is. Dus VADER wat "LIG" is moet die daeraad of dagbreek wees; HY moet die openbaarder en insig Skenker wees.

Jy sal nou beter verstaan as jy nou Johannes lees nl.:

*Joh. 14:8 Filippus sê vir Hom: ~~Here~~ Meester, toon ons die VADER, en dit is vir ons genoeg. :9 ~~J*sus~~ YAHUSHA sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die VADER gesien. En hoe sê jy: Toon ons die VADER? :10 Glo jy nie dat Ek in die VADER (LIG) is en die VADER (LIG) in My nie? Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die VADER (LIG) wat in My bly, Hy doen die werke. :11 Glo My dat Ek in die VADER (LIG) is, en die VADER (LIG) in My; of anders, glo My ter wille van die werke self.*

Hier volg 'n paar verse waar ek "LIG" in die VADER NAAM ingesit het tot openbaring, lees dit al geheel:
{Joh. 14:8 Filippus sê vir Hom: Meester, toon ons die LIG, en dit is vir ons genoeg. :9 YAHUSHA sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die LIG gesien. En hoe sê jy: Toon ons die LIG? :10 Glo jy nie dat Ek in die LIG is en die LIG in My nie? Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die LIG wat in My bly, Hy doen die werke. :11 Glo My dat Ek in die LIG is, en die LIG in My; of anders, glo My ter wille van die werke self. 1Jo 1:1 Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die LIG van die lewe— 1:2 en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die LIG was en aan ons geopenbaar is— 1:3 wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die LIG en met sy Seun, YAHUSHA. Joh 1:4 In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. :5 En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie}.

Ek sluit met *Gen. 15:17, Joh. 17 en 1Pet.2:9. Gen. 15:17: En ná sononder, toe dit heeltemal donker was, gaan daar 'n* ***rokende oond*** *en* ***vurige fakkel*** *tussen dié stukke vleis deur.*
Voordat Abram die verbond ontvang het, het 'n "rokende oond" en 'n "vurige fakkel" daar verskyn. Beide die oond en fakkel was brandend / werkend. Die oond (*Wat VADER voorstel*) wat wandel saam met die fakkel (*Wat SY Seun YAH is*) gee duidelik deur dat die Seun (YAH) met VADER 'n verbond aangegaan het oor Abram en sy nageslag.

*Joh. 17:6,8,22 Ek het u Naam (*LIG*) geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het U woord bewaar. :8 Want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee; en hulle het dit ontvang en waarlik erken dat Ek van U uitgegaan het, en hulle het geglo dat U My gestuur het. :22 En Ek het hulle die ~~heerlikheid~~ lofwaardigheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is (*Lees asb. die hele Joh. 17 en sien die "LIG").
Die Seun van VADER het Sy Lig by VADER ontvang daarom noem Henog dat "Lig" is uit "LIG". Dat ons aan VADER behoort het en nou aan die Seun.

1Pe 2:9 Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n ~~heilige~~ reine volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,

Mense VADER is "LIG" dus is ons as uitverkore "ligte" van HOM.